

JAARBOEK 2010
FAKULTEIT EKONOMIESE EN
BESTUURSWETENSAPPE
NAGRAADSE PROGRAMME
Potchefstroomkampus

Rig alle korrespondensie aan

Die Registrateur
Noordwes-Universiteit
Potchefstroomkampus
Privaatsak X6001
Potchefstroom
2520

Tel: (018)299-1111/2222

Faks: (018)299-2799

Internet: <http://www.nwu.ac.za>

U UNIVERSITEITSNOMMER MOET ASSEBLIEF IN ALLE KORRESPONDENSIE VERMELD WORD.

Die Algemene Akademiese Reëls van die Universiteit, waaraan alle studente hulle moet onderwerp en wat op al die kwalifikasies wat die Universiteit aanbied, van toepassing is, verskyn in 'n afsonderlike bundel op die web: <http://www.puk.ac.za/jaarboek/index.html>.

Let Wel: Ofskoon die inligting wat in hierdie Jaarboek opgeneem is so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en die Senaat van die Universiteit hoegenaamd geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat hierin mag voorkom nie. In die besonder bly dit elke student se verantwoordelikheid om hom/haar deeglik te vergewis van die klasrooster en moontlike roosterbetsings voordat hy/sy finaal oor die keuse van modules besluit. Indien daar 'n botsing by 'n student se voorgenome keuse voorkom, is die betrokke kombinasie van modules ontoelaatbaar.

Inhoudsopgawe

E.6	ALGEMENE FAKULTEITSREËLS VIR DIE ONDERSKEIE NAGRAADSE KWALIFIKASIES IN DIE FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE	1
E.6.1	GESAG VAN DIE A-REËLS	1
E.6.2	WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT	1
E.6.3	KAPASITEITSBEPALINGS	1
E.6.4	SKOLE EN NAVORSINGSEENHEID IN DIE FAKULTEIT	1
E.6.5	KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS	2
E.7	REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS COMMERCII (HONS BCOM) EN DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS ARTIUM (HONS BA)	8
E.7.1	ALGEMENE TOELATINGSVEREISTES	8
E.7.2	DUUR VAN DIE STUDIE	8
E.7.3	EKSAMINERING	8
E.7.3.1	Eksamengeleenthede	8
E.7.3.2	Samestelling van die deelnamepunt	8
E.7.3.3	Toelating tot die eksamen	8
E.7.3.4	Modulepunt	9
E.7.3.5	Slaagvereistes van 'n module en program	9
E.7.3.6	Herhaling van modules	9
E.7.3.7	Terminering van studie	9
E.7.3.8	Modules en krediete	9
E.7.4	SKOOL VIR EKONOMIE	10
E.7.4.1	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES	10
E.7.4.2	LYS VAN MODULES IN DIE SKOOL VIR EKONOMIE	10
E.7.4.3	KURRIKULUMS IN DIE SKOOL VIR EKONOMIE	11
E.7.4.4	MODULE-UITKOMSTE IN DIE SKOOL VIR EKONOMIE	14
E.7.5	SKOOL VIR ONDERNEMINGSBESTUUR	20
E.7.5.1	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES	20
E.7.5.2	LYS VAN MODULES IN DIE SKOOL VIR ONDERNEMINGSBESTUUR	21
E.7.5.3	KURRIKULUMS (SKOOL VIR ONDERNEMINGSBESTUUR)	22
E.7.5.4	MODULE-UITKOMSTE (SKOOL VIR ONDERNEMINGSBESTUUR)	24

E.7.6	SKOOL VIR MENSEHULPBRON-WETENSKAPPE	28
E.7.6.1	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES	28
E.7.6.2	LYS VAN MODULES IN DIE SKOOL VIR MENSEHULPBRON- WETENSKAPPE	29
E.7.6.3	KURRIKULUMS (SKOOL VIR MENSEHULPBRON- WETENSKAPPE).....	30
E.7.6.4	MODULE-UITKOMSTE SKOOL VIR MENSEHULPBRON- WETENSKAPPE	33
E.7.7	SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE.....	42
E.7.7.1	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES.....	42
E.7.7.2	LYS VAN MODULES IN DIE SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE	43
E.7.7.3	KURRIKULUMS (SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE).....	44
E.7.7.4	MODULE-UITKOMSTE (SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE).....	46
E.8	REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER COMMERCII (MCOM) EN MAGISTER ARTIUM (MA).....	57
E.8.1	DUUR VAN DIE STUDIE	57
E.8.2	TOELATING EN REGISTRASIE.....	57
E.8.3	GOEDKEURING VAN DIE STUDIEPROGRAM	57
E.8.4	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES.....	57
E.8.5	EKSAMINERING	58
E.8.5.1	Eksamengeleenthede	58
E.8.5.2	Benoeming van eksaminatore.....	58
E.8.5.3	Toelating tot die eksamen	58
E.8.5.4	Eksamen	59
E.8.5.5	Terminering van die studie	59
E.8.6	SKOOL VIR EKONOMIE.....	60
E.8.6.1	LYS VAN MODULES.....	60
E.8.6.2	KURRIKULUMS IN DIE SKOOL VIR EKONOMIE	61
E.8.7	SKOOL VIR ONDERNEMINGSBESTUUR	64
E.8.7.1	LYS VAN MODULES.....	64
E.8.7.2	KURRIKULUMS	65
E.8.8	SKOOL VIR MENSEHULPBRON-WETENSKAPPE	68
E.8.8.1	LYS VAN MODULES.....	68
E.8.8.2	KURRIKULUMS	69

E.8.9	SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE	72
E.8.9.1	LYS VAN MODULES	72
E.8.9.2	KURRIKULUMS: (SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE)	74
E.8.10	POTCHEFSTROOM BESIGHEIDSKOOL.....	79
E.8.10.1	NAGRAADSE DIPLOMA IN BESTUUR	79
E.8.10.2	MAGISTER IN BEDRYFSADMINISTRASIE (MBA).....	80
E.9	REËLS VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR	83
E.9.1	TOELATING EN REGISTRASIE	83
E.9.2	DUUR VAN DIE GRAADSTUDIE.....	83
E.9.3	GOEDKEURING VAN DIE STUDIEPROGRAM	83
E.9.4	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES.....	83
E.9.5	EKSAMEN	83
E.9.5.1	Vereistes vir 'n proefskrif	83
E.9.6	LYS VAN PH.D-MODULES.....	84
E.9.7	PHD-KURRIKULUMS, PROGRAMME EN MODULES	85
E.10	LYS VAN KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS WAT OP NAGRAADSE VLAK IN DIE FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE AANGEBIED WORD.....	87
E.10.1	SKOOL VIR EKONOMIE.....	87
E.10.2	SKOOL VIR ONDERNEMINGSBESTUUR	88
E.10.3	SKOOL VIR MENSEHULPBRON-WETENSKAPPE	89
E.10.4	SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE	90
E.10.5	POTCHEFSTROOM BESIGHEIDSKOOL (PBS).....	92

Ampsdraers

Dekaan: Prof AE Loots

WORKWELL: Navorsingseenheid vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe: Prof J Pienaar

NISAREA: Sosio-ekonomiese Impak van Toerisme: Prof M Saayman

DIREKTEURE VAN SKOLE EN PROGRAMLEIERS:

SKOOL VIR EKONOMIE

Direkteur: Prof W Viviers

Program: Internasionale Handel: Dr M Mathee

Program: Risikobestuur: Prof P Styger

Program: Ekonomie: Prof WF Krugell

SKOOL VIR ONDERNEMINGSBESTUUR

Direkteur: Prof LR Jansen van Rensburg

Program: Entrepreneurskap: Prof J Kroon

Program: Bemarking: Dr O Lotz

Program: Toerismebestuur: Prof E Slabbert

SKOOL VIR MENSEHULPBRON-WETENSKAPPE

Direkteur: Prof JC Visagie

Program: Arbeidsverhoudinge: Dr HM Linde

Program: Bedryfsielkunde: Mnr G Rabie

SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE

Direkteur: Prof SS Visser

Program vir Belasting: Prof C Potgieter

Program vir Bestuursrekenmeestersopleiding (CIMA): Mnr RJJ Barnard

Program vir Finansiële Rekenmeestersopleiding (SAIPA): Prof AA Stoop

Program vir Forensiese Rekenmeestersopleiding: Mnr JD van Romburgh

Program vir Geoktrooieerde Rekenmeestersopleiding (GR): Prof JP Fouche

POTCHEFSTROOM BESIGHEIDSKOOL

Direkteur: Prof TE du Plessis

Program: MBA Opleiding: Prof CA Bisschoff
Prof RA Lotriet

Program: Middelbestuursprogram: Prof I Nel

Program: Gevorderde Bestuursprogram: Prof CA Bisschoff
Me EM Scholtz

ADMINISTRATIEWE BESTUURDER: Prof SJ van der Merwe

FAKULTEITSRAAD

Dekaan: Loots, AE	Potgieter, C
Barnard, RJJ	Rabie, G
Bibbey, FJ	Saayman, M
Buys, PW	Sieberhagen, Gv/dM
Du Plessis, TE	Slabbert, E
Du Toit, T	Stander AL
Fouche JP	Stoop, AA
Jackson, LTB	Styger, P
Jansen van Rensburg, LR	Van der Merwe, SJ (sekretaris)
Kroon, J	Van Romburgh, JD
Krugell, WF	Visagie, JC
Linde HM	Visser, SS
Lotz, O	Viviers, W
Matthee, M	Commercia-voorsitter
Pienaar, J	

E.6 ALGEMENE FAKULTEITSREËLS VIR DIE ONDERSKEIE NAGRAADSE KWALIFIKASIES IN DIE FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

E.6.1 GESAG VAN DIE A-REËLS

Die fakulteitsreëls, wat ten aansien van die verskillende kwalifikasies, programme en kurrikulums van hierdie Fakulteit geld en in hierdie fakulteitsjaarboek opgeneem is, is onderhewig aan die Algemene Reëls van die Universiteit, soos dit van tyd tot tyd deur die Raad van die Universiteit op aanbeveling van die Senaat vasgestel word, en moet dus met daardie Algemene Reëls saamgelees word.

Die Algemene Akademiese Reëls verskyn op die Universiteit se Tuisblad <http://www.nwu.ac.za/beheer-bestuur/beleid-reels/index.html>.

E.6.2 WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT

Werkstukke is individuele take en nie groepaktiwiteite nie (tensy dit uitdruklik aangedui word as 'n groepaktiwiteit). Vir meer besonderhede gaan na:

<http://www.nwu.ac.za/beheer-bestuur/beleid-reels/index.html>

E.6.3 KAPASITEITSBEPALINGS

Neem asseblief kennis dat die Universiteit as gevolg van spesifieke kapasiteitsbepalings hom die reg voorbehou om kandidate vir toelating tot bepaalde studierigtings te keur. Dit beteken dat voornemende studente wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, nie noodwendig tot die betrokke kursusse toegelaat sal word nie.

E.6.4 SKOLE EN NAVORSINGSEENHEID IN DIE FAKULTEIT

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe bestaan uit **vyf skole**. Elke skool word deur 'n **direkteur** bestuur. In elke skool is daar verskillende **programme** met **programmeiers**. Die skole is veral verantwoordelik vir die **onderrig** van voorgraadse en nagraadse programme.

Die onderskeie skole en programme is die volgende:

Skool	Programme
Potchefstroom Besigheidskool	MBA-opleiding Middelbestuursprogram Gevorderde Bestuursprogram
Skool vir Mensehulpbron- Wetenskappe	Bedryfsielkunde en Arbeidverhoudinge Bestuur Mensehulpbronbestuur
Skool vir Ekonomie	Internasionale Handel Risikobestuur Ekonomie

Skool vir Ondernemingsbestuur	Bemaking Entrepreneurskap Toerismebestuur Bedryfsetiek Regte
Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe	Belasting Geoktrooieerde Rekenmeestersopleiding Finansiële Rekenmeestersopleiding Bestuursrekenmeestersopleiding Forensiese Rekenmeestersopleiding

Navorsing word in die Fakulteit bestuur deur die direkteur van, **Workwell:** Navorsingseenheid vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en Nisarea: Sosio-ekonomiese Impak van Toerisme.

Navorsingseenheid	Program
WORKWELL:	Navorsingseenheid vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.
NISAREA:	Sosio-ekonomiese Impak van Toerisme:

Die direkteur van die navorsingseenheid en Nisarea is verantwoordelik vir die bestuur van die navorsingskomponent van die magister- en PhD-opleidingsprogramme. Verdere inligting is op die navorsingseenheid se webtuiste (<http://www.workwell.co.za>) beskikbaar. Daar word ook navorsing gedoen saam met ander navorsingsfokusareas/eenhede (soos byvoorbeeld dié vir Bedryfswiskunde (BWI)).

E.6.5 **KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS**

In die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe kan verskillende kwalifikasies op nagraadse vlak verwerf word; sommige slegs op voltydse basis en sommige op beide voltydse en deeltydse basis. Al hierdie grade word in verskillende programme aangebied. Elke program bestaan uit verskillende kurrikulums, wat weer elkeen saamgestel is uit relevante modules. Elke module verteenwoordig (die inhoud van) 'n onderafdeling van 'n "vak". Voorbeelde van "vakke" is Ekonomie, Internasionale Handel, Risikobestuur, Ondernemings-bestuur, Toerismebestuur, Bedryfsielkunde, Bedryfsosiologie, Bestuurs-rekeningkunde, Finansiële Rekeningkunde en Forensiese Rekeningkunde.

Inligting oor die reëls vir die verskillende kwalifikasies, programme en kurrikulums word in hierdie Jaarboek uiteengesit. Vir administratiewe doeleindes word die verskillende programme/kurrikulums onder die verskillende skole (waarin dit primêr aangebied word) ingedeel en elkeen word van 'n unieke graadkode voorsien.

'n Voornemende student moet eers besluit watter kwalifikasie hy of sy wil verwerf, waarna die betrokke program/kurrikulum gekies word.

Die Universiteit is bevoeg om in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe die volgende grade op nagraadse vlak toe te ken:

NAGRAADSE GRADE in die Fakulteit EKONOMIESE- EN BESTUURS- WETENSKAPPE				
Kwalifikasie	Programme	Kwalifikasie en Kurrikulum - kode	Metode van aflewering	NKR vlak
SKOOL VIR EKONOMIE				
Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons.BCom)	Ekonomie (het in 2009 begin)	504126: E644P	Voltyds	8
Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons.BCom)	Internasionale Handel (het in 2009 begin)	504127: E645P	Voltyds	8
Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons.BCom)	Risikobestuur (het in 2009 begin)	505128: E646P	Voltyds	8
Magister Commercii (MCom)	Ekonomie (geen nuwe inskrywings vanaf 2009)	505 120: E800P	Voltyds/ Deeltyds	9
Magister Commercii (MCom)	Ekonomie (het in 2009 begin)	505 120: E803P	Voltyds/ Deeltyds	9
Magister Commercii (MCom)	Internasionale Handel (geen nuwe inskrywings vanaf 2009)	505 121: E801P	Voltyds/ Deeltyds	9
Magister Commercii (MCom)	Internasionale Handel (het in 2009 begin)	505 121: E804P	Voltyds/ Deeltyds	9
Magister Commercii (MCom)	Risikobestuur (geen nuwe inskrywings vanaf 2009)	505 122: E802P	Voltyds/ Deeltyds	9
Magister Commercii (MCom)	Risikobestuur (het in 2009 begin)	505 122: E805P	Voltyds/ Deeltyds	9
Philosophiae Doctor (PhD)	Ekonomie (faseer uit)	506 120: E900P	Voltyds/ Deeltyds	10
Philosophiae Doctor (PhD)	Internasionale Handel	506 121: E901P	Voltyds/ Deeltyds	10
Philosophiae Doctor (PhD)	Risikobestuur	506 122: E902P	Voltyds/ Deeltyds	10
Philosophiae Doctor (PhD)	Ekonomie	506 120: E903P	Voltyds/ Deeltyds	10
SKOOL VIR ONDERNEMINGSBESTUUR				
Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons.BCom)	Entrepreneurskap en Bemaking (het in 2009 begin)	504130: E654P	Voltyds	8

Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons.BCom)	Toerismebestuur (begin 2010)	504131: E655P	Voltyds	8
Honneurs Baccalaureus Artium (Hons.BA)	Toerismebestuur (begin 2010)	102153: E656P	Voltyds	8
Magister Commercii (MCom)	Toerismebestuur (faseer uit)	505 123: E810P	Voltyds/ Deeltyds	9
Magister Artium (MA)	Toerismebestuur (faseer uit)	103 170: E813P	Voltyds/ Deeltyds	9
Magister Commercii (MCom)	Toerismebestuur (begin 2010)	505 123: E817P	Voltyds/ Deeltyds	9
Magister Artium (MA)	Toerismebestuur (begin 2010)	103 170: E818P	Voltyds/ Deeltyds	9
Magister Commercii (MCom)	Entrepreneurskap (faseer uit)	505 124: E811P	Voltyds/ Deeltyds	9
Magister Commercii (MCom)	Entrepreneurskap (begin 2010)	505 124: E814P	Voltyds/ Deeltyds	9
Magister Commercii (MCom)	Bemarkingsbestuur	505 125: E812P	Voltyds/ Deeltyds	9
Magister Commercii (MCom)	Bemarking (begin 2010)	505 125: E815P	Voltyds/ Deeltyds	9
Magister Commercii (MCom)	Ondernemingsbestuur (begin 2010)	505 125: E816P	Voltyds/ Deeltyds	9
Philosophiae Doctor (PhD)	Ondernemingsbestuur	506 123: E910P	Voltyds/ Deeltyds	10
Philosophiae Doctor (PhD)	Entrepreneurskap	506124: E911P	Voltyds/ Deeltyds	10
Philosophiae Doctor (PhD)	Bemarkingbestuur	506125: E912P	Voltyds/ Deeltyds	10
Philosophiae Doctor (PhD)	Toerismebestuur	506 126: E913P	Voltyds/ Deeltyds	10
Philosophiae Doctor (PhD)	Bemarking (begin 2010)	506125: E914P	Voltyds/ Deeltyds	10
Philosophiae Doctor (PhD)	Entrepreneurskap (begin 2010)	506124: E915P	Voltyds/ Deeltyds	10
Philosophiae Doctor (PhD)	Ondernemingsbestuur (begin 2010)	506 123: E916P	Voltyds/ Deeltyds	10
Philosophiae Doctor (PhD)	Toerismebestuur (begin 2010)	506 126: E917P	Voltyds/ Deeltyds	10

SKOOL VIR MENSEHULPBRON-WETENSKAPPE					
Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons.BCom)	Bedryfsielkunde (vir <u>Psigometris-in-wording</u> -opleiding)	504120: E630P	Voltyds/Deeltyds	8	
Honneurs Baccalaureus Artium (Hons.BA)	Bedryfsielkunde (vir <u>Psigometris-in-wording</u> -opleiding)	102150: E641P	Voltyds/Deeltyds	8	
Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons.BCom)	Mensehulpbronbestuur	504121: E625P	Voltyds/Deeltyds	8	
Honneurs Baccalaureus Artium (Hons.BA)	Mensehulpbronbestuur	102151: E628P	Voltyds/Deeltyds	8	
Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons.BCom)	Arbeidsverhoudinge	504122: E626P	Voltyds/Deeltyds	8	
Honneurs Baccalaureus Artium (Hons.BA)	Arbeidsverhoudinge	102152: E629P	Voltyds/Deeltyds	8	
Magister Commercii (MCom)	Bedryfsielkunde	505 126: E820P	Voltyds/Deeltyds	9	
Magister Commercii (MCom)	Mensehulpbronbestuur	505 128: E824P	Voltyds/Deeltyds	9	
Magister Commercii (MCom)	Bedryfsosiologie (faseer uit)	505 127: E821P	Voltyds/Deeltyds	9	
Magister Commercii (MCom)	Arbeidverhoudinge-Bestuur (begin 2010)	505 145: E826P	Voltyds/Deeltyds	9	
Magister Artium (MA)	Bedryfsielkunde	103 171: E822P	Voltyds/Deeltyds	9	
Magister Artium (MA)	Mensehulpbronbestuur	103 173: E825P	Voltyds/Deeltyds	9	
Magister Artium (MA)	Bedryfsosiologie (faseer uit)	103 172: E823P	Voltyds/Deeltyds	9	
Magister Artium (MA)	Arbeidverhoudinge-Bestuur (begin 2010)	103 186: E827P	Voltyds/Deeltyds	9	
Magister Scientia (MSc)	Bedryfsielkunde	203 140: E801P	Voltyds/Deeltyds	9	
Magister Scientia (MSc)	Mensehulpbronbestuur	203 141: E802P	Voltyds/Deeltyds	9	
Philosophiae Doctor (PhD)	Bedryfsielkunde	506 127: E921P	Voltyds/Deeltyds	10	
Philosophiae Doctor (PhD)	Bedryfsosiologie (faseer uit)	506 128: E922P	Voltyds/Deeltyds	10	

Philosophiae Doctor (PhD)	Arbeidsverhoudinge-Bestuur (begin 2010)	506 136: E923P	Voltyds/Deeltyds	10
SKOOL VIR REKENINGKUNDIGE WETENSKAPPE				
Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons.BCom)	Geoktrooierde Rekenmeesterskap	504123: E630P	Voltyds	8
Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons.BCom)	Finansiële Rekenmeesterskap	504124: E631P	Voltyds/Deeltyds	8
Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons.BCom)	Bestuursrekenmeesterskap	504125: E632P	Voltyds/Deeltyds	8
Honneurs Baccalaureus Commercii (Hons.BCom)	Forensiese Rekenmeesterskap	504132: E634P	Voltyds	8
Magister Commercii (MCom)	Bestuursrekenmeesterskap (gedoseer) (faseer uit)	505 129: E830P	Voltyds/Deeltyds	9
Magister Commercii (MCom)	Bestuursrekenmeesterskap (gedoseer) (begin 2010)	505 129: E840P	Voltyds/Deeltyds	9
Magister Commercii (MCom)	Bestuursrekenmeesterskap Verhandeling (faseer uit)	505 129: E831P	Voltyds/Deeltyds	9
Magister Commercii (MCom)	Bestuursrekenmeesterskap Verhandeling (begin 2010) (faseer uit)	505 129: E841P	Voltyds/Deeltyds	9
Magister Commercii (MCom)	Rekenmeesterskap – Verhandeling (faseer uit)	505 130: E832P	Voltyds/Deeltyds	9
Magister Commercii (MCom)	Rekenmeesterskap – Verhandeling (begin 2010)	505 130: E842P	Voltyds/Deeltyds	9
Magister Commercii (MCom)	Finansiële Rekeningkunde Verhandeling (faseer uit: geen nuwe inskrywings vir 2009)	505 131: E833P	Voltyds/Deeltyds	9
Magister Commercii (MCom)	Suid-Afrikaanse en Internasionale Belasting – Verhandeling	505 132: E834P	Deeltyds	9
Magister Commercii (MCom)	Internasionale Belasting (gedoseer)	505 132: E835	Deeltyds	9
Magister Commercii (MCom)	Suid-Afrikaanse en Internasionale Belasting (gedoseer) (faseer uit: geen nuwe inskrywings vir 2009)	505 132: E836P	Voltyds/Deeltyds	9
Magister Commercii	Suid-Afrikaanse en Internasionale Belasting	505 132: E839P	Voltyds/	9

(MCom)	(gedoseer) (begin 2010)		Deeltyds	
Magister Commercii (MCom)	Suid-Afrikaanse en Internasionale Belasting (gedoseer) (begin 2009 en in 2010 deur E839P vervang)	505132: E838P	Deeltyds	9
Magister Commercii (MCom)	Forensiese Rekenmeester-skap (faseer uit)	505 133: E837P	Deeltyds	9
Magister Commercii (MCom)	Forensiese Rekenmeester-skap (begin 2010)	505 133: E843P	Deeltyds	9
Philosophiae Doctor (PhD)	Bestuursrekenmeesterskap	506 129: E931P	Voltyds/Deeltyds	10
Philosophiae Doctor (PhD)	Bestuursrekeningkunde (begin 2010)	506 129: E935P	Voltyds/Deeltyds	10
Philosophiae Doctor (PhD)	Rekenmeesterskap	506 130: E932P	Voltyds/Deeltyds	10
Philosophiae Doctor (PhD)	Rekenmeesterskap (begin 2010)	506 130: E936P	Voltyds/Deeltyds	10
Philosophiae Doctor (PhD)	Finansiële Rekeningkunde (faseer uit: geen nuwe inskrywings vanaf 2009)	506 131: E933P	Voltyds/Deeltyds	10
Philosophiae Doctor (PhD)	Belasting	506 132: E934P	Deeltyds	10
Philosophiae Doctor (PhD)	Belasting (begin 2010)	506 132: E937P	Deeltyds	10
POTCHEFSTROOM BESIGHEIDSKOOL				
Nagraadse Diploma in Bestuur (NGDB)	Besigheidsadministrasie			
Magister in Bedryfsadministrasie (MBA)	Besigheidsadministrasie	508102: E783P	Deeltyds	9
Magister in Bedryfsadministrasie (MBA)	Besigheidsadministrasie	508102: E784P	Deeltyds	9
Philosophiae Doctor (PhD)	Besigheidsadministrasie	509102: E901P	Voltyds/Deeltyds	10

E.7 REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS COMMERCII (HONS BCOM) EN DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS ARTIUM (HONS BA)

(Laasgenoemde in die geval van die HONS BA in Bedryfsielkundige Berading/Bedryfsielkunde, Mensehulpbronbestuur, Arbeidsverhoudinge en Toerisme)

E.7.1 ALGEMENE TOELATINGSVEREISTES

'n Student moet voldoen aan Algemene Reël A.6.1 by aansoek vir toelating tot die honneurs BCom- of BA-graad (laasgenoemde in die geval van studies in Hons BA Bedryfsielkunde, Bedryfsosiologie of Toerisme). Hierbenewens moet die student in besit wees van 'n BCom-/BA-graad of BCom-/BA-status verwerf het soos deur die Fakulteitsraad goedgekeur. Daar moet voldoen word aan al die kernmodulevereistes vir die primêre deel van die voorgenome Hons BCom/BA-studie. Daar moet ook aan die spesifieke vereistes vir die betrokke program voldoen word. Die algemene vermoë en akademiese prestasie van die student in hierdie kernmodules moet tot bevrediging van die betrokke skooldirekteur vir elke ingeslote module wees.

Spesifieke vereistes ten opsigte van die Hons BCom-graad:

- a) 'n Kursus uit die menswetenskappe vir vrystelling van MHBP111.
- b) 'n Wiskundekursus vir vrystelling van WISK123 vir die kurrikulums wat dit vereis.
- c) 'n Statistiekkursus vir vrystelling van STTK122 vir die kurrikulums wat dit vereis.
- d) As algemene riglyn geld 'n minimum van 60% per module of soos deur die betrokke skool vereis.

E.7.2 DUUR VAN DIE STUDIE

Die minimumduur van studie is een jaar voltyds en die maksimumduur is twee jaar voltyds. Vir deelydse studie is die minimumduur twee jaar en die maksimumduur drie jaar.

E.7.3 EKSAMINERING

E.7.3.1 Eksamengeleenthede

Die eksamengeleenthede en verbandhoudende reëls geskied in ooreenstemming met Algemene reël A.6.4.

E.7.3.2 Samestelling van die deelnamepunt

'n Deelnamepunt vir 'n module (Algemene reël A.1) kan saamgestel word uit toetse, werkstukke en ander vorme van evaluering.

E.7.3.3 Toelating tot die eksamen

- a) Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerwing van 'n deelnamebewys (Algemene reëls A.6.4.3).
- b) 'n Deelnamebewys, wat toelating tot die eksamen verleen, sal slegs uitgereik word nadat 'n student tot die bevrediging van die skooldirekteur, in oorleg met die betrokke vakgroepvoorsitter, voldoen het aan die

vereistes daarvoor wat in die studiegids vir die betrokke module uiteengesit is (Algemene reël A.6.4.3).

E.7.3.4 Modulepunt

Die modulepunt (Algemene reël A.1) word bereken in die verhouding tussen die deelnamepunt en die eksamenpunt soos aangegee is in die studiegids.

E.7.3.5 Slaagvereistes van 'n module en program

- a) Die bepalings van Algemene reëls A.6.4.4 is van toepassing.
- b) Die subminimum vir alle modules waarin eksamen geskryf is, is 40%.
- c) Die slaagvereiste vir 'n module waarin eksamens geskryf is, is 'n modulepunt van 50%.
- d) 'n Program word geslaag deur al die modules waaruit die program saamgestel is, afsonderlik te slaag.
- e) 'n Module word met onderskeiding geslaag indien 'n modulepunt van 75% behaal is. Die graad word met onderskeiding geslaag indien die gemiddelde punt van al die verskillende modules in die kurrikulum 75 % is.
- f) Wat die Hons BCom Geoktrooieerde Rekenmeesterskap-program betref, geld die volgende bykomende reëls ((g) tot (j)):
- g) Studente moet al die modules tydens een eksamenleentheid slaag om die graad te verwerf. Hertoelating tot die genoemde program is nie outomaties nie. Indien slegs drie (3) modules geslaag word, word 'n Honneurs BCom Rekeningkunde verwerf.
- h) Alle studente behoort minstens een maand tydens hulle studietydperk (voor- of nagraads) praktiese ervaring by 'n rekenmeesters-/ouditeursfirma of ander erkende opleidingskantoor van die SAIGR op te doen.
- i) Wanneer die graad verwerf word, word die Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde (STR) outomaties toegeken.
- j) Indien die student gedurende die jaar nie na wense vorder nie, kan die student toelating tot die finale STR eksamen (eindeksamen) verbeur.

E.7.3.6 Herhaling van modules

Enmalige herhaling van modules wat nie geslaag is nie, geskied volgens die bepalings van Algemene reël A.6.4.1.2.

E.7.3.7 Terminering van studie

'n Student se studie kan getermineer word op grond van die bepalings in Algemene reël A.6.6.

E.7.3.8 Modules en krediete

- a) Modules het 'n kode en 'n beskrywende naam, byvoorbeeld ABCP874, waarvan die betekenis van die syferkodes in Algemene reël A.1 verklaar is.
- b) Modules dra elkeen 'n bepaalde "gewig", bekend as 'n kredietpunt (Algemene reël A.1).

E.7.4 SKOOL VIR EKONOMIE**E.7.4.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

Die spesifieke toelatingsvereistes vir die drie honneursprogramme in die Skool vir Ekonomie verskyn by elke kurrikulum.

E.7.4.2 LYS VAN MODULES IN DIE SKOOL VIR EKONOMIE

MODULEKODE	BESKRYWENDE NAAM	KREDIET	SEMESTER
ECON 610	Beleggingsbestuur	16	1
ECON 611	Mikro-ekonomie	16	1
ECON 612	Makro-ekonomie	16	1
ECON 613	Uitvoermarkontwikkeling	16	1
ECON 614	Ontwikkelingsekonomie	16	1
ECON 615	Afgeleide instrumente	16	1
ECON 616	Internasionale handelsteorie en -beleid	16	1
ECON 617	Ekonometrie	16	1
ECON 618	Navorsingsmetodes	16	1
ECON 619	Internasionale vervoer	16	1
ECON 621	Internasionale handelsbetrekkinge	16	2
ECON 622	Monetêre en fiskale beleid	16	2
ECON 623	Risikobestuur	16	2
ECON 624	Ekonomiese modellering	16	2
ECON 625	Uitvoeradministrasie	16	2
ECON 626	Internasionale handelsreg	16	2
ECON 627	Navorsingsprojek	16	2

E.7.4.3 KURRIKULUMS IN DIE SKOOL VIR EKONOMIE**E.7.4.3.1 E644P (504126): HONS BCOM EKONOMIE (VOLTYDS)***(Hierdie kurrikulum het in 2009 begin)*

EERSTE SEMESTER		
MODULEKODE	KR	Beskrywing
ECON 611	16	Mikro-ekonomie
ECON 612	16	Makro-ekonomie
ECON 614	16	Ontwikkelingseonomie
ECON 618	16	Navorsingsmetodes
TOTAAL KREDIETE	64	
TWEEDE SEMESTER		
ECON 621	16	Internasionale handelsbetrekkinge
ECON 622	16	Monetêre en fiskale Beleid
ECON 624	16	Ekonomiese modellering
ECON 627	16	Navorsingsprojek
TOTAAL KREDIETE	64	
TOTALE KREDIETE VIR DIE KURRIKULUM	128	
Voorvereistes: 60% in ECON 211, 221, 311 , 321 en 322		

E.7.4.3.2 E645P (504127): HONS BCOM INTERNASIONALE HANDEL
(VOLTYDS)
(Hierdie kurrikulum het in 2009 begin)

EERSTE SEMESTER		
MODULEKODE	KR	Beskrywing
ECON616	16	Internasionale handelsteorie en -beleid
ECON613	16	Uitvoermarkontwikkeling
ECON615/619	16	Afgeleide instrumente/ Internasionale vervoer
ECON618	16	Navorsingsmetodes
TOTAAL KREDIETE	64	
TWEEDE SEMESTER		
ECON621	16	Internasionale handelsbetrekkinge
ECON626	16	Internasionale handelsreg
ECON625	16	Uitvoeradministrasie
ECON627	16	Navorsingsprojek
TOTAAL KREDIETE	64	
TOTALE KREDIETE VIR DIE KURRIKULUM	128	
Voorvereistes: 65% in EKIP211, 221, 321, en 60% in EKNP/ECON321		

E.7.4.3.3 E646P (504128): HONS BCOM RISIKOBESTUUR (VOLTYDS)
(Hierdie kurrikulum het in 2009 begin)

EERSTE SEMESTER		
MODULEKODE	KR	Beskrywing
ECON610	16	Beleggingsbestuur
ECON612	16	Makro-ekonomie
ECON615	16	Afgeleide instrumente
ECON617	16	Ekonometrie
TOTAAL KREDIETE	64	
TWEEDE SEMESTER		
ECON621	16	Internasionale handelsbetrekkinge
ECON622	16	Monetêre en fiskale beleid
ECON623	16	Risikobestuur
ECON627	16	Navorsingsprojek
TOTAAL KREDIETE	64	
TOTALE KREDIETE VIR DIE KURRIKULUM	128	
Voorvereistes: 60% in EGRP 211 (aanbeveling), EGRP221, EGRP 311, EGRP321 en EKNP/ECON211, 321 asook EKNP221/ ECON311.		

E.7.4.4 MODULE-UITKOMSTE IN DIE SKOOL VIR EKONOMIE

MODULEKODE: ECON610	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 7 (8)
TITEL: BELEGGINGSBESTUUR		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om met behulp van die volgende kennis 'n gestruktureerde proses vir 'n beleggingsbestuursfirma te ontwerp of te ontwikkel:</p> <ul style="list-style-type: none"> • bo-na-onder-aspekte van portefeuljebestuur • batetoewysing • risiko-assessering en risikobestuur • aandele-ontleding • staats-, korporatiewe en inflasiebeskermdede effekte in portefeuljebestuur • industrie-ontleding • stylontleding • belastingdoeltreffende investering • verhandeling • maatskaplik verantwoordelike investering en korporatiewe betrokkenheid • alternatiewe beleggings • verskansingsfondsstrategieë 		
MODULEKODE: ECON611	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 7 (8)
TITEL: MIKRO-EKONOMIE		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • mikro-ekonomiese probleme op te los met behulp van logiese en kwantitatiewe vaardighede; • krities en analities oor werklikheidskwessies te dink en om 'n reeks mikro-ekonomiese beleidskwessies krities te ontleed; • mikro-ekonomiese argumente en bewyse te evalueer; en • mikro-ekonomiese argumente mondeling en skriftelik aan te bied. 		
MODULEKODE: ECON612	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 7 (8)
TITEL: MAKRO-EKONOMIE		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees:</p> <ul style="list-style-type: none"> • om 'n deeglike begrip van die funksionering van die Makro-ekonomie oor sowel die lang- as die kort-termyn te demonstreer; • om die vermoë te demonstreer om makro-ekonomiese probleme soos groei, inflasie en werkloosheid te ontleed en daarvan werk te maak deur middel van verskillende analitiese metodes; en • om u kennis van die verskillende gesigspunte oor die onderlinge verbande en interafhanklikhede in die ekonomie as geheel aan te wend om makro-ekonomiese beleidsaanbevelings in die Suid-Afrikaanse konteks te evalueer. 		

MODULEKODE: ECON613	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 7 (8)
TITEL: UITVOERMARKONTWIKKELING		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • afgeronde en sistematiese kennis te demonstree van die druk wat deur die internasionale besigheidsomgewing op maatskappy uitgeoefen word; • as individu en/of as deel van 'n groep te demonstree hoe om te bepaal of 'n maatskappy uitvoergereed is – selfs waar verkleining van die plaaslike mark en/of mededingende druk dreig – om buitelandse markte te betree; • afgeronde en sistematiese kennis te demonstree van die verskillende tegnieke wat gebruik word om die potensiaal van buitelandse markte te bepaal en met behulp van hierdie tegnieke geskikte marksegmente en marktoetredingstrategieë te identifiseer – almal teen die agtergrond van wisselende maatskappyvereistes en -omstandighede; • die vermoë te demonstree om verskillende soorte en bronne van inligting oor buitelandse markte te evalueer, asook die tegnieke wat gebruik word om sodanige inligting te assessee en vertolk; en • die bekwaamheid te demonstree om uit 'n internasionale perspektief elkeen van die beheerbare elemente van bemerking te evalueer en deur sodanige evaluering te bepaal hoe die elemente die beste gekombineer en toegepas kan word in die lig van wisselende maatskappy- en markomstandighede. 		
MODULEKODE: ECON614	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 7 (8)
TITEL: ONTWIKKELINGSEKONOMIE		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n deeglike kennis van die beginsels en toepassing van ekonomiese ontwikkeling te demonstree; • op intelligente wyse as 'n ekonoom aan die ontwikkelingsdebat deel te neem; • die onderling verbonde aspekte en toepassings van ekonomiese ontwikkeling binne die teoretiese raamwerk te vertolk, begryp en uit te druk; • begrip te hê van die praktiese omstandighede in minder ontwikkelde lande (MOL'e); • konsekwente ekonomiese beleidsadvies wat 'n verskil kan maak aan die ekonomiese probleme van minder ontwikkelde lande, veral Afrikalande suid van die Sahara, met inbegrip van Suid-Afrika, te formuleer; • die opstelling van sosio-ekonomiese ontledings van 'n gebied en die skryf van verslae, met inbegrip van die toepassing van regressie-ontledings en ander tegnieke wat in ander verwante dissiplines bestudeer is, om verskillende aspekte van ekonomiese ontwikkelingsverskynsels <i>toe te pas</i> en te verduidelik; en • voorstelling van 'n ekonomiese beleidraamwerk. 		
MODULEKODE: ECON615	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 7 (8)
TITEL: AFGELEIDE INSTRUMENTE		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • afgeleide instrumente van CBOT, LME, SAFEX en verwante markte, aan te wend in die oplossing van risikobestuur-senario's; en • praktiese kennis van maniere waarop die prysrisiko's van: <ul style="list-style-type: none"> • plastiek, • geselekteerde metale, • goud, 		

<ul style="list-style-type: none"> • mielies, koring, sonneblom, • aandele op die JSE, • effekte, • rentekoerse en • buitelandse valuta met afgeleide instrumente verskans word, te demonstreer. 		
MODULEKODE: ECON616	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 7 (8)
TITEL: INTERNASIONALE EKONOMIESE TEORIE		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • afgeronde en sistematiese kennis te demonstreer van die teorie van internasionale handel; • die vermoë te demonstreer om internasionale handelsbeleid te evalueer; en • as individu en/of as deel van 'n groep wisselkoerse en makro-ekonomie in 'n oop ekonomie te analiseer. 		
MODULEKODE: ECON617	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 7 (8)
TITEL: EKONOMETRIE		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • afgeronde en sistematiese kennis van tydreëks-regressie-modelle en spesifikasietoetsing van die resultate te demonstreer; • as individu en/of as deel van 'n groep die praktiese vaardighede te demonstreer om tydreëks-regressiemodelle met EViews-programmatuur te skat en te toets, spesifikasietoetsing te onderneem, met inbegrip van toetsing vir stasionariteit, struktuur breuke, multikollineariteit, heteroskedastisiteit, outokorrelasie en koïntegrasie, en om oplossings te formuleer vir praktiese probleme op die terrein van Ekonomiese ontledings; en • die vermoë te demonstreer om 'n navorsingsvraag op die terrein van die Ekonomie, Risikobestuur of Internasionale Handel te identifiseer, tersaaklike inligting te herwin, tydreëks- ekonometriese metodes toe te pas om die navorsingsresultate te ontleed en te vertolk, en dan die bevindinge in 'n eties gesonde mondelinge aanbieding oor te dra met behulp van die toepaslike IT, asook in 'n verslag / artikel van 20 bladsye. 		
MODULEKODE: ECON618	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 7 (8)
TITEL: NAVORSINGSMETODES		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • afgeronde en sistematiese kennis van die navorsingsproses, die opstel van vraelyste, die uitvoering van opnames en die ontleding van opname-data te demonstreer; • as individu en/of as deel van 'n groep die praktiese vaardighede te demonstreer om 'n navorsingsprojek te beplan, 'n vraelys te ontwerp, 'n aanvoorstudie te onderneem, die resultate met behulp van SPSS te ontleed en hulle te verbrei; en • die vermoë te demonstreer om 'n navorsingsvraag op die terrein van die Ekonomie, Risikobestuur of Internasionale Handel te identifiseer, tersaaklike inligting te herwin, basiese statistiek en ekonometriese metodes toe te pas om die navorsingsresultate te ontleed en te vertolk, en dan die bevindinge in 'n eties-verantwoordbare mondelinge aanbieding oor te dra met behulp van die toepaslike IT, asook in die vorm van 'n projekverslag / artikel van 20 bladsye. 		

MODULEKODE: ECON619	SEMESTER 1	NKR-VLAK: 7 (8)
TITEL: INTERNASIONALE VERVOER		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • afgeronde en sistematiese kennis van die verskillende vorme van vrag en die maniere waarop dit oor grense of na ander wêrelddele vervoer kan word, te demonstreer; • begrip van die verskillende vervoerdienste wat tans in die Suider-Afrikaanse streek beskikbaar is, te demonstreer; • afgeronde en sistematiese kennis van die vervoerinfrastruktuur in Suider-Afrika te demonstreer, met die fokus op die inisiatiewe wat van stapel gestuur is om die streek se fisiese verspreidingsvermoëns te stimuleer; • as individu en/of as deel van 'n groep die algemene beginsels wat die verpakking, merking en stoorkoste van goedere vir internasionale vervoer beïnvloed, te demonstreer en daardeur te illustreer hoe hierdie beginsels toegepas word in die geval van algemene teenoor gevaarlike vrag en lug- teenoor see-besendings; • die vermoë te demonstreer om die beginsels wat vragversekering asook sommige van die praktiese aspekte van versekeringspolisse en -eise ten grondslag lê, te evalueer; en • as individu en/of as deel van 'n groep die vernaamste funksies van doeane en die spesifieke maatreëls wat doeane-owerhede aanwend om invoere en uitvoere te beheer, te analiseer. 		
MODULEKODE: ECON621	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 7 (8)
TITEL: INTERNASIONALE HANDELSBETREKKINGE		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • afgeronde en sistematiese kennis van die veranderende wêreld ekonomie en die faktore wat internasionale mededingendheid beïnvloed, te demonstreer; • die vermoë te demonstreer om die onderliggende oorsake van ekonomiese welsyn te evalueer soos weerspieël in 'n land se ekonomiese groei en ontwikkeling, asook die rol van die betalingsbalans en ander geselekteerde aanwysers in die beklemtoning van 'n land se algemene ekonomiese prestasie en potensiaal; • as individu en/of as deel van 'n groep die makro-ekonomiese beleid te analiseer wat 'n land se nasionale owerhede implementeer om besparings en beleggings te maksimaliseer, inflasie en geldeenheidfluktuasies te beheer en 'n land se mededingendheid te verhoog; • afgeronde en sistematiese kennis van die samestelling van die internasionale monetêre stelsel te demonstreer; en • as individu en/of as deel van 'n groep die ekonomiese gebeure en besluite – sowel plaaslik as internasionaal – te analiseer wat Suid-Afrika se besigheidsomgewing die afgelope jare help vorm het. 		
MODULEKODE: ECON622	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 7 (8)
TITEL: MONETÊRE EN FISKALE BELEID		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • afgeronde en sistematiese kennis van heersende fiskale en monetêre beleidskwessies in die Suid-Afrikaanse konteks te demonstreer; • as 'n individu en/of as deel van 'n groep die praktiese vaardighede te demonstreer om heersende beleidskwessies (bv. fiskale reëls of monetêre teikens) te identifiseer en 		

<p>toepaslike beleidsoptrede aan te beveel; en</p> <ul style="list-style-type: none"> • die bekwaamheid te demonstree om verskillende vorme van owerheidsinmenging in die ekonomie te evalueer en aanbevelings aan beleidmakers en belanghebbendes in die vorm van skriftelike verslae en mondelinge aanbiedings te kommunikeer met behulp van die toepaslike IT. 		
MODULEKODE: ECON623	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 7 (8)
TITEL: RISIKOBESTUUR		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n deeglike kennis van bankrisikobestuur en -regulering te demonstreeer met die fokus op die STRATEGIESE risikobestuurstrategieë en minder op die werklike risikometing te hê; • 'n dieptekennis van Basel II te demonstreeer; • strategiese risikobestuur en die rol van die ALCO te bespreek; en • die bestuur van: <ul style="list-style-type: none"> • rentekoersrisiko, • likiditeitsrisiko, • kredietrisiko, • markrisiko, • operasionele risiko en • buitelandse valuta-risiko in banke in skriftelike verslae te beskryf. 		
MODULEKODE: ECON624	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 7 (8)
TITEL: EKONOMIESE-MODELLERING		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • afgeronde en sistematiese kennis te demonstreeer van algemene ewewig en makro-ekonometriese modelle en hul toepassing om "sê nou"-vrae in Ekonomie te beantwoord; • as individu en/of as deel van 'n groep die praktiese vaardighede te demonstreeer om 'n 1-2-3-algemene ewewigsmodel (in Excel) en 'n makro-ekonometriese model (in EViews) te bou en 'n simulاسie daarvan te laat loop; en • die vermoë te demonstreeer om 'n navorsingsvraag op die terrein van die Ekonomie te identifiseer, tersaaklike inligting te herwin, 'n klein algemene ewewigsmodel of makro-ekonometriese model te gebruik om die skok te simuleer, resultate te vertolk, en dan die bevindinge in 'n eties-gesonde mondelinge aanbieding oor te dra met behulp van die toepaslike IT, asook in die vorm van 'n projekverslag / artikel van 20 bladsye. 		
MODULEKODE: ECON625	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 7 (8)
TITEL: UITVOERADMINISTRASIE		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • afgeronde en sistematiese kennis te demonstreeer van die rol gespeel deur verskillende openbare- en privaatsektorentiteite in 'n tipiese uitvoertransaksie, asook die dokumente en volgorde van stappe wat nodig is om byvoorbeeld internasionale vraag, versekering, doeaneklaring en betaling moontlik te maak; • 'n begrip te demonstreeer van die oorsprong, doel en rol van Incoterms; • as individu en/of as deel van 'n groep die hegte verband tussen uitvoerkosteberekening en die Incoterms te demonstreeer en evalueer; • die vermoë te demonstreeer om die koste vir uitvoer akkuraat te bereken; • as individu en/of as deel van 'n groep die proses van evaluering en beantwoording van uitvoernavrae en die gevolglike suksesvolle bespoediging van uitvoere toe te pas; en 		

<ul style="list-style-type: none"> afgeronde en sistematiese kennis te demonstreer van die dokumentêre vereistes geassosieer met elke stadium van die uitvoerproses. 		
MODULEKODE: ECON626	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 7 (8)
TITEL: INTERNASIONALE HANDELSREG		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> afgeronde en sistematiese kennis te demonstreer van die breë struktuur van die internasionale regsomgewing, asook sommige van die tradisionele en meer kontemporêre sieninge en praktyke wat kleur verleen aan die internasionale regslandskap; as individu en/of as deel van 'n groep die algemene beginsels te analiseer wat die totstandkoming en beëindiging van kontrakte omring (en sommige variasies tussen lande in dié verband) en die kontraktuele ketting wat tipiese internasionale handelstransaksie kenmerk; die vermoë te demonstreer om die regsbeginnsels wat regeringsaankope en -verkope internasionaal beheers, die belangrikheid van die beskerming van intellektuele eiendom in hierdie verband en sommige van die nuwe regsuitdagings wat deur Internetgebaseerde handel meegebring word, te evalueer; en afgeronde en sistematiese kennis van die kontrak vir vragversekering te demonstreer, ten einde hierdie kontrakte op te stel en te evalueer. 		
MODULEKODE: ECON627	SEMESTER 2	NKR-VLAK: 7 (8)
TITEL: NAVORSINGSPROJEK		
<p>MODULE-UITKOMSTE:</p> <p>Na afhandeling van hierdie module behoort u in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> afgeronde en sistematiese kennis van die navorsingsproses te demonstreer; as individu die praktiese vaardighede te demonstreer om 'n navorsingsprojek te beplan, die studie te onderneem, die resultate te ontleed en hulle te verbrei; en die vermoë te demonstreer om 'n navorsingsvraag op die terrein van die Ekonomie, Risikobestuur of Internasionale Handel te identifiseer, tersaaklike inligting te herwin, basiese statistiek en ekonometriese metodes toe te pas om die navorsingsresultate te ontleed en te vertolk, en dan die bevindinge in 'n eties-verantwoordbare mondelinge aanbieding oor te dra met behulp van die toepaslike IT, asook in die vorm van 'n honneursskripsie. 		

E.7.5 SKOOL VIR ONDERNEMINGSBESTUUR

E.7.5.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

E.7.5.1.1 Ondernemingsbestuur:

Slegs studente wat vir die volgende voorgraadse programme ingeskryf het **en die program suksesvol voltooi het**, kwalifiseer vir honneurs in Entrepreneurskap en Bemarkingsbestuur:

E311P: BCom in Entrepreneurskap en Ondernemingsbestuur

Modulevereistes: 65% in elk van die volgende modules – ONBP 311, 313, 321, 322 en 324

E351P: BCom in Bemarkingsbestuur

Modulevereistes: 65% in elk van die volgende modules – ONBP 311, 312, 313, 321, 322 en 323

E361P: BCom in Bemarkings- en Toerismebestuur

Modulevereistes: 65% in elk van die volgende modules – ONBP 311, 312, 313, 321, 322 en 323

Voornemende honneursstudente in Entrepreneurskap en Bemarkingsbestuur (E651P) is verplig om gedurende die Desember-/Januarie-vakansie wat die jaar van inskrywing voorafgaan, twee tot drie weke prakties te doen by 'n onderneming van hulle keuse. Die student moet 'n verslag opstel volgens die spesifieke raamwerk en riglyne wat deur die skool verskaf word. Hierdie verslag moet met die aanvang van die honneursstudie by die betrokke dosent ingedien word.

E.7.5.1.2 Toerismebestuur

'n Gemiddelde van 65% word vereis in ONTP111, 122, 123, 211, 212, 224, 311, 321.

E.7.5.2 LYS VAN MODULES IN DIE SKOOL VIR ONDERNEMINGSBESTUUR

MODULEKODE	BESKRYWENDE NAAM	KREDIET	SEMESTER
